

Vrydag 5 Oktober

Skrif- en Fokusgedeelte:

Efesiërs 1:13-14

Prys die Heilige Gees omdat Hy ons tot God se eiendom verseël

Ons ontvang ook wonderlike seëninge van die Heilige Gees. Die Heilige Gees bring ons tot geloof deur ons die evangelie te laat hoor. Die evangelie is 'n woord wat waarheid be-vat en dit is 'n blye boodskap van verlossing. Die Gees maak ons ontvanklik vir die evan-gelie en so word ons deur die geloof in Christus ingelyf.

Die mense wat tot geloof gekom het, ontvang hierdie aangrypende seëning: hulle word as eiendom van God verseël. Die begrip “verseël” kom van die gebruik dat iemand met sy seëlring 'n pakkie gestempel het, en daarmee word verklaar wie die eienaar is en dat die inhoud eg is. Die pakkie sal sy bestemming veilig bereik. Ons kry die versekering dat ons God se eiendom is en dat God ons veilig sal oorbring na ons bestemming by Hom. Die stempel wat ons kry, is die Heilige Gees wat in ons woon. Die Gees is Self ons eiendoms-bewys dat ons kinders van God is.

Die Gees waarborg al die verdere beloftes, want Hy is die waarborg dat ons die volle-dige verlossing en alles wat die Here ons belowe het, sal ontvang. Deur die Heilige Gees aan ons te gee, waarborg God nie net ons finale verlossing nie, maar Hy gee ons ook 'n voorsmaak daarvan.

God maak ons sy kinders om Hom te loof, en dit is die rede waarom ons bestaan. Ons moet God voortdurend prys (vs 6, 12, 14): drie keer as teken van voortdurende lof.

Sing: Skrifberyming 1-1:6, 7

Prof. BJ (Ben) de Klerk (Emeritus)